

# VERSOEK OM AANSOEKE OM HULPTOELAEbefondsing VIR 2024/25: DIREKTORAAT WATER EN SANITASIE

Die Stad Kaapstad se direktoraat water en sanitasie nooi geregistreerde organisasies en gemeenskapsorganisasies binne sy munisipale grense om aansoek om befondsing te doen.

**Aansoeke moet fokus op die verskaffing van oplossings of programme en/of dienste wat met enige van die volgende verband hou:**

## Oplossings en dienste vir:

- Onderskepping en verwydering van vullis
  - Installeer onderskeppers in waterliggame (bv. riviere, damme, vleilande) deur toerusting soos valbome, hindernisse, ens.
  - Verwyder rommel uit hierdie onderskeppers en hou dit in stand om optimale funksionering te verseker.
  - Gebruik vragmotors, geoutomatiseerde sleepwaens, afvalhouers ("skips"), ens., om afval by rivier- en damoewers te versamel. Vestig 'n sistematiese afvalinsamelingsproses om doeltreffendheid en deeglikheid te verseker.
- Waterwegrehabilitasie deur organisasies of gemeenskapsgroepe
  - Skoonmaakprojekte om waterweë te bewaar en te herstel.
  - Verbeter waterweë deur meganiese, bioremediërende of natuurgebaseerde oplossings te gebruik.

## Groepe vir maatskaplike verandering se gemeenskapsbewustheidprogramme moet:

- Plaaslike taakspanne saamgestel uit diverse gemeenskapslede vorm om:
  - Bewusmakingsveldtogte oor water- en sanitasiekwessies te lei.
  - Die direktoraat by te staan om behoeftes vir opvoedkundige geleenthede, werksinkels en uitreikprogramme te identifiseer om inligting doeltreffend te deel.
- Terugvoermeganismes instel vir gemeenskapslede om bekommernisse te lug, voorstelle te maak en kwessies oor water- en sanitasiedienste aan die direktoraat te rapporteer.
- Gemeenskappe vir water- en sanitasie-intervensies te mobiliseer:
  - Hou gemeenskapswerksinkels en opleidingsessies.
  - Implementeer demonstrasieprojekte in gemeenskappe om die voordele van volhoubare oplossings vir water en sanitasie te wys.
  - Betrek gemeenskappe by die skoonmaakprojekte vir riviere en damme, soos "Adopt a River", ens.

## Akademiese navorsing

Doen navorsing oor die drywers van gedragsverandering, bv.: rioolverstoppinge.

## Verstaan motiverings

- Ondersoek die redes hoekom strukture oor rioolpylyne gebou word. Dit kan faktore behels soos 'n gebrek aan bewustheid, soneringsregulasies, ekonomiese aansporings of noodsaaklikheid as gevolg van beperkte ruimte.

## Identifisering van wegdoeningspraktyke

- Ondersoek die tipe middels, afval of materiaal wat in rioolpype gestort word. Dit kan huishoudelike afvalwater, nywerheidsuitloeiwater, chemikalieë, farmaseutiese produkte of ander besoedelingstowwe insluit.

## Navorsingsmetodes:

- Opnames en onderhoude, veldondersoeke, data-ontleding, ens.

Voorleggings vir hulptoelae moet skriftelik op 'n amptelike aansoekvorm (beskikbaar by alle subraadskantore en aanlyn by [www.capetown.gov.za/grants-in-aid](http://www.capetown.gov.za/grants-in-aid)) gedoen word. Projekvoorleggings moet tot munisipale verantwoordelikhede beperk wees en die strategiese doelwitte van die Stad bevorder, soos uiteengesit in die IDP, die strategie vir ekonomiese groei en die strategie vir nuwe water en moet ook die Stad se pogings om 'n Stad van Hoop te bou, steun.

'n Bedrag van ongeveer R5 miljoen is vir toewysing beskikbaar. Die minimum bedrag per aansoek per projek beloop R100 000.

## Hoe om aansoek te doen

Voorleggings vir hulptoelae moet skriftelik op 'n amptelike aansoekvorm beskikbaar by [www.capetown.gov.za/grants-in-aid](http://www.capetown.gov.za/grants-in-aid) gedoen word. Projekvoorleggings moet in pas wees met die Stad se strategiese mikpunte.

Verskaf asseblief bykomende projekinligting indien die aansoekvorm nie voorsiening maak vir 'n voldoende gedetailleerde projekbeskrywing nie.

Aansoekers moet met die opstel van hul begroting op die hulptoelaebeleid let, wat op versoek of op die Stad se webwerf (hier bo) of op versoek beskikbaar is. Verskaf asseblief 'n duidelike en realistiese begroting, waarin gewys word hoe die aktiwiteitskiedule met die begroting in pas is.

**Aansoekers moet op die sentrale verskaffersdatabasis geregistreer wees:** <https://secure.csd.gov.za/Account/Register>.

**Aansoekers moet ook op die Stad se voorsieningskanaalbestuursdatabasis (SCM-databasis) geregistreer wees voor hulle hul aansoek indien:** <https://www.capetown.gov.za/City-Connect/Register/Business-and-trade/Register-as-a-supplier>.

Beide registrasienommers word vir die hulptoelae-aansoekvorm verlang.

Aansoekers moet as 'n nuwingsgewende organisasie geregistreer wees (d.w.s. NPO, NGO, artikel 21, trust, ens.).

## Dit is belangrik dat die aansoekvorm deeglik deurgelees word en ALLE stawende dokumente hier onder verskaf word:

- Geouditeerde finansiële staat (vir befondsingsversoeke oor R50 000) OF
- Staat van inkomste en uitgawes (vir befondsingsversoeke onder R50 000)
- Notule van die algemene jaarvergadering waar die inkomste en uitgawes goedgekeur is (vir befondsingsversoeke onder R50 000)
- Registrasiesertifikaat (bv. NPO-sertifikaat)
- Organisasie se grondwet of statute van inkorporasie
- Rekening vir munisipale eiendomsbelasting (ten volle vereffen as die aansoeker die perseel besit) OF
- Huurooreenkoms en huurder se rekening vir munisipale eiendomsbelasting (ten volle vereffen as die aansoeker die perseel huur)
- Belastingnakomingsdokument (waarop belastingnakomingstatus aangetoon word)
- 'n Nulkoers-BTW-rekening (indien die aansoeker as 'n BTW-verskaffer geregistreer is)
- Afskrifte van ID's (komiteelede, verantwoordelike amptenare, ens.)
- Bewys van bankrekening (brief van die bank)

Aansoekers moet realisties wees wanneer hulle hul voorleggings saamstel. Nie alle aansoekers sal befondsing ontvang nie en die Stad sal nie volledige voorleggings befonds nie. Projekte moet teen 30 Junie 2025 voltooi wees.

Stuur die voltooide aansoek met stawende dokumentasie na [Communications.WaterandSanitation@capetown.gov.za](mailto:Communications.WaterandSanitation@capetown.gov.za).

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 6 Julie 2024 om 17:00. Geen laat of onvolledige aansoeke sal oorweeg word nie.

Alle aansoeke om hulptoelae sal volgens die hulptoelaebeleid beoordeel word en moet aan die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, voldoen.

Kontak [Communications.WaterandSanitation@capetown.gov.za](mailto:Communications.WaterandSanitation@capetown.gov.za) vir nog inligting.

**LUNGELO MBANDAZAYO**  
STADSBESTURDER  
CTA76/2024



CITY OF CAPE TOWN  
ISIXEKO SASEKAPA  
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.